Oppieplaas Musiekfees 2011

Rustenburg – Donderweer, reën, en selfs krag onderbrekings kon nie die gees stuit van die besoekers aan die jaar se Oppieplaas Musiekfees nie! Aangebied op Plot 23 op die R24, skuins oorkant die Kasteel op die 28-30ste Oktober, was die lug gevul met gelag, musiek uit die boonste rakke, heerlike kos en uitmuntende geselskap!

Kunstenaars het ingesluit Fredi Nest, Gerhard Steyn, Snotkop, Tilla Enslin, Armand die Singende Coyboy & Perd en vele meer! Nie net het hierdie gaskunstenaars hul note deur die lug laat vlam nie, maar was daar ook 'n Karaoke Kompetisie aangebied.

Vanessa Forbes was as wenner aangewys, met Chané in die 2de plek en Jimmy as 3de plek. Geluk manne en manninne – hou so aan!

"Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir al die betrokke rolspelers en alle persone wat deel uitgemaak het aan die dag. Volgende jaar sal ons Rustenburg se koppe laat draai!" sê Steve, die organiseerder van die jaar se Oppieplaas Musiekfees.

Sien julle volgende jaar!

Christa Steyn en Jannie du Toit vereer deur ATKV

Christa Steyn en Jannie du Toit is onlangs deur die ATKV in Centurion vir Afrikaanse Sang- en musiek bevordering vereer. Verskeie bekende sangers, musikante, akteurs en musiekpromotors het die funksie as gaste van die ATKV bygewoon.

Die oorkondes is deur mnr. Japie Gouws, Groep Besturende Direkteur van die ATKV aan hulle oorhandig. Chris Coetzer van die ATKV Centurion Sangersforum, en een van die bekende "Die drie Tenore" het as gaskunstenaar opgetree.

Op die foto verskyn voor vlnr: Anna Davel, Christa Steyn, Petru Wessels en Lydia Winchester.

Agter vlnr: Carel Trichardt, Zelmia Reis, Jannie du Toit, Chris Coetzer en Sakkie Kotze (voorsitter ATKV Centurion en ATKV Direksielid.)

Navrae: Sakkie Kotze, 082 925 1488, www.tak.co.za

Musiek Pret met Pieter Naude



Waar?	**Orange Grove Restaurant (R24/ Ou Johannesburg Pad)**
Datum?	**25 November 2011**
Tyd?	**19h00**
Kaartjies?	**R80 pp**
Info?	**Madeleine 084 200 0414 /Sonne 083 276 0973**